

Calvyn: bereidwillig en opreg

Britz, R.M. & d'Assonville, Victor E., reds. 2008. *Prompte et sincere: bereidwillig en opreg. Johannes Calvyn en die uitleg van die Woord van God. Acta Theologica* supplementum, 10. 149 p. Prys: R120,00. ISSN: 1015-8758.

Resensent: G.J. Meijer
Navorsingsgenoot, Universiteit van die Vrystaat,
Bloemfontein

Prompte te sincere: bereidwillig en opreg, is 'n titel wat so eie aan Calvyn se lewe en werk is – 'n uitnemende keuse. Dit is 'n vlag wat die kosbare lading van die publikasie dek. In hierdie tiende supplement van *Acta Theologica* is referate saamgebundel wat tydens die Sewende Suid-Afrikaanse Calvynkongres in die lente van 2004 te Stellenbosch gelewer is. Internasionaal-erkende Calvynnavorsers, waaronder prof. W.H. Neuser (Duitsland) en dr. E.A. de Boer (Nederland), asook Suid-Afrikaanse navorsers wat al diep "Calvynspore" getrap het, het aan die kongres deelgeneem. Hulle referate vorm deel van die publikasie.

Die onderwerpe wat tydens die kongres hanteer is, en waarmee die leser van die supplement getraakteer word, is uiteenlopend van aard. Tog is daar een sentrale tema wat soos 'n goue draad dwarsdeur die werk van Calvyn loop: die heerlijkheid van God en die verheerliking van God op elke sentimeter van die mens se bestaan. Wat die referate ekstra aantreklik maak, is die besondere relevansie daarvan in ons Afrika-konteks. Hierdie is geen akademiese oor wat gestreel word nie, maar doelgerigte en uiters toepaslike beoefening van die teologie in Suider-Afrika.

Die eerste artikel, van die hand van R.M. Britz, handel oor armoede (*paupertas*) in Calvyn se *Institusie*. Teen die agtergrond van die sosiale toestande in die destydse Genève, toon Calvyn aan hoe armoede en die daarmee gepaardgaande lyding as deel van die Skriftuurlike lering oor die *providentia Dei* (voorsienigheid van God) gesien en beleef moet word. Veel erger as fisiese armoede, is geestelike armoede. Fisiese armoede bedreig nie die mens se bestaan voor God nie – geestelike armoede wel. Talle lyne word in hierdie referaat getrek wat die pastor in die armoedegeteisterde Afrika as basis vir sy werk kan gebruik.

C.F.C. Coetzee se bydrae getiteld, “Calvyn oor die verskynsel van demonologie”, asook P.C. Potgieter se artikel, “Ander weë tot God? Calvyn oor nie-Christelike godsdienste”, is eweneens van die grootste belang in die multi-religieuse omgewing waarin ons leef. Gedagtig aan die sinkretisme wat deurgaans in Afrika-godsdienste voorkom, die enorme aanslag van Satanisme in al sy vorms, asook die vervaging van die skerp lyne tussen Christelik en nie-Christelik, is nie net die *dat* van die suiwer evangelieverkondiging belangrik nie, maar ook die *hoe* daarvan van immanente belang. Op albei sake word in hierdie artikels gefokus.

Deeglike navorsing, wat uitkristalliseer in ’n helder sintese, en wat op sy beurt die grond bied vir sinvolle bestudering van die Ou-Testamentiese wette asook die Onse Vader in die Nuwe Testament, is deur De Boer en Neuser gelewer. Talle publikasies het al oor die bestudering en relevansie van die Ou-Testamentiese wetboeke (Ekodus tot Deuteronomium) die lig gesien. De Boer wys op Calvyn se “harmonie van die wet” – hoe die wet in sy geheel geles, bestudeer en in Christus verstaan moet word. Net so aangrypend is Neuser se studie oor Calvyn se verklaring van die Onse Vader. Die warm hartklop van Vaderliefde en Vadersorg weerklink in Calvyn se uitleg en ook in Neuser se uiteensetting daarvan.

E. Kayayan se artikel, “Calvin’s understanding of the Holy Spirit’s *modus operandi*” is in gelyke mate hartverwarmend. Geen abstrakte teologisering nie, maar geloofsversterkende navorsing. Kayayan fokus in die besonder op die Heilige Gees se werking in die psalmdigter. Uit Calvyn se inleiding tot die kommentaar op die Psalms toon Kayayan aan hoe die geïnspireerde psalmiste deur die Gees gelei word om hulle kruis te dra. Vergewing van sondes en ’n seker wete van die ewige lewe vorm deel van hierdie kruisdra.

Die Suid-Koreaanse Calvynnavorsers, S.J. Han, bied ’n panoramiese blik op die studieresultate van sy tesis oor Calvyn en Augustinus. Dit is bekend dat Calvyn dikwels na Augustinus verwys, sonder om laasgenoemde klakkeloos na te praat. Augustinus se getrouheid aan en eerbied vir die Skrif het Calvyn aangegryp. Dit reflekteer trouens ook in Calvyn se eie werke. Die hedendaagse gelowige is bevoorreg om albei “vaders” se werke te mag bestudeer.

Die bundel artikels word met ’n verrassende akademiese kragtoertjie afgesluit. L.F. Schulze, emeritus-dogmatoloog en -musikoloog, bring die werk van J. Calvyn en J.S. Bach met mekaar in verband. Alhoewel Bach (1685-1750) in ’n totaal ander era as Calvyn (1509-1564) geleef het, en Bach ’n uitgesproke Lutheraan was – soos on-

der andere uit sy teologiese boekery blyk – is daar tussen dié twee groot geeste 'n belangrike punt van ooreenkoms: eerbied vir die Skrif. In sy artikel fokus Schulze op daardie spesifieke punt. Sowel Calvin as Bach, elkeen op hulle eie manier en in hulle eie veld, het diepgaande respek vir die liturgiese teks. Albei stuur 'n sterk boodskap na die hedendaagse himnoloog uit, waar daar in baie opsigte totaal uiteenlopend oor die kerklied gedink word.

In die geheel gesien is *Prompte et sincere* 'n waardevolle bydrae tot die Calvin-navorsing. Daarby bied dit stof tot nadenke vir teoloë en enigiemand wat met die Woord van God en die bestudering daarvan erns maak. Die enigste leemte is dat drie artikels wat tydens die kongres gelewer is, nie in die bundel opgeneem is nie, naamlik “Ordinering/bevestiging van dienaars van die Woord by Calvin” (P.J. Coertzen), “Oberammergau and Jesus films: Calvin on the second Commandment” (H.G. Kruger), en “Calvin – *Justificatio, sanctificatio* en die kerklied” (V.E. d'Assonville). Die hoop word uitgespreek dat daardie voordragte binnekort elders gepubliseer sal word.